Vrydag **5 April**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:9-19 en 2:1-12**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 2:1 (AFR53/83)**

**Jubel in die Here wat dinge verander en uitkoms gee**

In 1 Samuel 2 lees ons dat Hanna jubel in die HERE wat dinge verander en uitkoms gee. Hoe het Hanna gekom tot hierdie loflied? Hanna was kinderloos, en in die antieke tye was kinderloosheid ’n ramp en ’n skande. Verder het Peninna haar ook gespot om haar ellende nog erger te maak. In Hanna se ellende het sy haar verootmoedig en gebid tot “die HERE van die leërskare” (1 Sam. 1:11, AFR53). Die HERE is nie net ’n Verbondsgod nie, maar die God wat ’n magtige weermag lei – die Een wat legioene engele tot sy beskikking het (vgl. Matt. 26:53). Sy roep God aan om haar stryd te veg teen kinderloosheid en aan haar oorwinning te bring oor Peninna. Sy vertrou in die HERE van die leërskare wat dinge kan verander en uitkoms gee.

Die HERE van die leërskare het aan haar gedink en by die wisseling van die jaar was sy swanger met Samuel. Hanna se skande en hartseer is weggeneem en later het sy nog kinders gehad. En die HERE van die leërskare het haar seun Samuel gebruik om die toekoms van die volk Israel vir ewig te verander en het een van die belangrikste figure in die Ou Testament geword.

In die loflied van Hanna word gesing oor die mag van God wat rolle en omstandighede kan omkeer. Dieselfde sake hoor ons ook in die ander bekende loflied van ’n moeder, naamlik die van Maria in Lukas 1:46-55. Daar is ’n verband tussen Jesus en Samuel. Samuel wys heen na Jesus waardeur God alles kom verander het en vir ons die ewige lewe gee. Deur die kruis van Jesus (’n dooie toestand) bring God vir ons die lewe in oorvloed.

Dit maak nie saak wat jou ellende en hartseer is nie. Verootmoedig jouself voor die HERE van die leërskare en vra Hom om te veg vir die regverdiges. Glo dan ook dat die HERE jou gebede verhoor, want die HERE van die leërskare verander dinge en gee uitkoms.

*Sing: Psalm 84-1:2, 6*

*Ds. SJ (Stephan) Briel (Bergbron)*